

Voor in die herstelkoor?

Soos 'n mens kan agterkom uit die owerheid se jongste bestedingsdata is die resessie nog met ons.

Terwyl owerheidsbesteding in Julie effens toegeneem het, het die begrotingstekort weens 'n daling in inkomste aansienlik vergroot.

Die tekort het op 'n jaargrondslag van R19 miljard tot R89,4 miljard gestyg. 'n Daling in belasting uit internasionale handel en maatskappybelasting was 'n vername oorsaak hiervan.

Terwyl lone aan die toeneem is, het indiensname in die eerste twee kwartale aansienlik gedaal. Weens die ekonomie wat uitvlak, kan verdere dalings in indiensname verwag word. Dit sal die inkomste uit individuele belasting nóg verder laat daal.

Verdere aanduidings van die swak ekonomiese toestande is duidelik uit die verkoop van nuwe motors in Augustus. Dit het met 23,2% gedaal teenoor die ooreenstemmende tydperk verlede jaar.

Twee maatskappye wat taamlik uitgelewer is aan die motorbedryf en as gevolg daarvan onlangs swak resultate gelever het, is Control Instruments en Metair.

Dié twee maatskappye word genoem omdat hulle kwaai onder die resessie deurgeloop het en dus 'n vroeë beleggingsgeleentheid kan bied met die oog op herstel in die ekonomie.

Control Instruments fokus op twee gebiede in die internasionale motormark – die internasionale mark vir oorspronklike toerusting en die naverkope-mark in Sub-Sahara-Afrika.

Die maatskappy het in die boekjaar tot einde Desember verlede jaar nie waffers gevaar nie.

Die groep is by nis-sektore van die internasionale mark betrokke en dus aan plaaslike en internasionale ontwikkelinge uitgelewer waarvoor hy nie altyd beheer het nie.

Die aandeel verhandel tans teen 'n diskonto van 43% teenoor sy netto tasbare batewaarde en bied veral waarde aan spekulatiewe beleggers as 'n herstel-aandeel.

Weens die groep se swak finansiële resultate en vooruitsigte moet daar eers gewag word tot tyd en wyl sy herstel meer duidelik sigbaar is.

Vermyn die aandeel liever vir eers, al verhandel hy tans bo sy bewegende gemiddeldes en al is daar aanduidings dat sy tendens kan omswaai. Die aandeelprys het van 570c in Desember 2007 tot net 26c in Junie vanjaar gedaal.

Metair Investments bestaan uit 'n portefeulje van maatskappye wat hulle op die vervaardiging en verspreiding van produkte in die motorbedryf toespits.

Die groep het weens uiters moeilike omstandighede in die motorbedryf in die ses maande tot einde Junie vanjaar swak finansiële resultate gelewer.

Die aandeel verhandel tans teen 'n diskonto van 36% teenoor sy netto tasbare batewaarde en bied waarde in 'n herstelsituasie.

Weens negatiewe vooruitsigte op kort termyn en die groep se verswakte rentedekking kan die aandeel nie nou aanbeveel word nie.

Die aandeel is ook relatief illikied.

Die aandeel verhandel nietemin tans bo sy bewegende gemiddeldes met die moontlikheid dat die tendens kort voor lank kan omswaai.

- *Shaun van den Berg is hoof-tegniese ontleder by PSG Online.*